



## Die ware godsdiens

### Teks vir die preek:

*“Die een wat dank offer, eer My...”.*

**Psalm 50**

C Kleijn

© by skrywer - 2013  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 97:1, 2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 97:6, 7
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 50
7. Preek
8. Sing Psalm 86:6
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 24:1-3
12. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

Laas Sondag het ons gesien dat die ateïs, hoe geleerd hy ook mag wees, feitelik dwaas is. Die dwaas sê in sy hart: daar is geen God nie. Dis werklik dwaas om in jou lewe, werk en wetenskaplike studie geen rekening met God te hou nie. Die vrees van die Here is mos die begin van die kennis en wysheid.

Kan julle jul 'n groter dwaasheid voorstel as dit van mense wat sê dat daar geen God is nie? Tog teken Psalm 50 mense wat nog dwaser is. Dis mense wat sê dat hulle in God glo, maar wat in hul daaglikse lewe maak asof Hy nie bestaan nie. 'n Mens sou kan sê dat die ateïste tenminste konsekwent in hul ongeloof is. Maar hierdie gelowiges waarvan Psalm 50 praat, weerspreek met hul dade wat hulle met hul mond bely. Hulle sê dat God bestaan en dat hulle in hom glo. Hulle is lid van die kerk, hulle bring hul offers aan die Here, maar feitelik leef hulle asof God nie bestaan nie. Dit bring Psalm 50 wel heel naby vir ons en maak die Psalm so angswekkend. Van ateïste kan 'n mens dink dat hulle ver van ons afstaan. Is daar enigiemand hier wat hulle aan ateïste verwant voel. Maar in Psalm 50 praat ons van kerkmense, mense wat hulleself gelowiges noem, mense wat dink dat hulle goeie Christene is. Dit is blykbaar moontlik om kerkganger te wees en skuldig te wees aan iets wat nog erger is 'n blatante ateïsme.

Psalm 50 is 'n baie ernstige Psalm. Die Here gaan met sy verbondsvolk 'n regsgeeding aan en verskyn as die hoogste Regter. Daarvan lees ons in die eerste 6 verse. Soos die Here God eertyds op die Sinai aan Israel verskyn het om sy wet aan hulle te gee, so verskyn Hy nou vanuit Sion, sy heilige berg, om sy volk aan te spreek. Sy verskyning word deur vuur en storm begelei, tekens van sy ontsagwekkende majesteit. God gaan sy volk aanspreek, maar Hy maak daar geen gemoedelike onderonsie van nie. Hy roep hemel en aarde op as getuies. Wat hier gebeur is van kosmiese belang. Die kerk is mos nie 'n onbelangrike klub mense in die wêreld nie. Dis die spil van die wêreld. God se volk behoort die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees. Daarom, wat onder God se volk gebeur, is van wêreldbelang. Te midde van die wêreld staan Sion sentraal, die plek wat God gekies het om daar onder ons mense te woon. Daar roep Hy sy verbondsvolk saam: "Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit".

Voordat die Here met die saak self begin, roep Hy sy volk op om te luister en benadruk Hy die verbondsverhouding. "Hoor my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God."

Wat is dan die aanklag wat God teen sy volk inbring? Dit gaan nie oor 'n tekort aan offers nie. Nee, hulle bring getrou hul offers. In vandag se terme: Hulle gaan getrou kerk toe, hulle aanbid getrou die Here in die samekomste van sy volk. Hulle bring getrou hul gawes aan die Here. Tog sê die Here: Ek het dit alles nie nodig nie. Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie, want alles is reeds myne. Ek het jou kerkgang en jou gawes nie nodig nie. Hou dit maar vir jou self.

Hoe kan die Here so praat? Die Here het sy volk tog opgedra om die offers te bring? Die Here roep ons vandag tog op om die eredienste getrou te besoek en ons gawes aan die Here te gee? Hoe kan Hy dan sê: Ek het dit nie nodig nie, los dit maar.

Dit hang saam met die manier waarop die mense die offers gebring het. Waarom gaan jy kerk toe, waarom gee jy jou gawes aan die Here? Hoe doen ons dit? Is dit net 'n uiterlike en formele aangeleentheid? So van: dis wat van 'n gelowige verwag word, daarom doen ek dit. Dis vandag Sondag, daarom gaan ek kerk toe. Die kerklike bydraes word van my gevra, daarom gee ek dit. Sonder om na te dink waarom dit werklik gaan. Dit was die probleem in Psalm 50. Die mense bring hul offers net uit plig. Hulle dink dat hulle daardeur die guns van die Here verdien. Ons het ons offers gebring, alles is nou weer reg met die Here. Hy sal ons ons sondes vergewe en ons kan weer met ons lewe aangaan. Hulle dink dat hulle daardeur beter as ander mense is. Hulle gaan tenminste kerk toe. Hul godsdiens funksioneer as 'n soort lewensversekering. Hulle het hul premie betaal. Daarom mag hulle versekerd wees van God se heil. As jy goed daarna kyk lyk hul offerdiens wel na omkoperij. Met hul offers probeer hulle die hoogste regter so te sê om te koop sodat Hy in hulle guns sal optree. Hulle wil daarmee God aan hulleself verplig.

Daarby dink hulle dat hulle met hul offers God 'n guns bewys. God mag dankbaar wees vir sulke gawe mense, wat hul tyd en geld aan hom afstaan. Vandaar dat God sê: wat dink julle wel van julleself, van jul gawes? Ek het julle en jul gawes eg nie nodig nie. Ek het nie jul tyd, energie en geld nodig nie. Hou dit maar. Feitelik is alles reeds van my. Jy is net 'n rentmeester aan wie Ek dit dinge toevertrou het. Moenie dink dat julle my 'n guns bewys deur net uit plig of gewoonte kerk toe te gaan en jou gawes vir my te gee nie.

God weet dat ons almal by tye ons daaraan skuldig gemaak het. Dalk maak ons ons nou nog skuldig daaraan. Waarom kom ons in die eredienste? Hoe gee ons ons gawes aan die Here en dien ons Hom? Dink ons nie maklik dat ons daarmee God se guns verwerf nie?

Hoeveel mense sou daar nie wees wat bv op die Sondagoggende kerk toe gaan en dan dink dat hulle daarmee hul deel gebring het nie? Hulle het hul plig gedoen en nou is hulle vry om te doen wat hulle wens. Hulle het 'n uur aan die Here afgestaan en nou het hulle verder die hele dag en week vir hulleself. Dit was die houding van die kinders van Israel vir wie die Here aanspreek in Psalm 50. En dan dink hulle: hoe goed van ons dat ons dit vir die Here doen.

Weet julle wat die probleem met sulke mense is? Hulle probleem is dat hulle hul godsdienst heeltemal in eie beheer geneem het. Hulle staan in die middelpunt. Hulle gee God wel 'n plek in hul lewe, maar hulle bepaal watter plek dit sal wees. Hulle dien God op hul eie manier, wanneer en hoe hulle dit wil. Hulle is self heeltemal in beheer. Hulle bepaal alles.

Dit blyk ook uit die houding wat God in die verse 16 e.v. aanspreek. In die verse 8-13 het dit gegaan oor sondes m.b.t. die erediens. In die verse 16 e.v. gaan dit oor sondes teen God se sedewet. Dit een hang dikwels saam met die ander. 'n Verkeerde houding in die erediens lei dikwels tot 'n verkeerde houding en gedrag in die daaglikse lewe. In vers 16 en 17 lees ons: "Maar aan die goddelose sê God: wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond, terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp?" Hier gaan dit dus nog steeds oor mense wat sê dat hulle glo. Hulle praat van God se wet en van sy verbond. Hulle is deel van God se verbondsvolk en hulle praat saam oor geloof en godsdienst. Maar wat tipeer hierdie persone? Luister maar: "terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp". Hulle het wel belangstelling vir God en godsdienst, maar hulle laat hulle nie deur die Here voorskryf wat hulle moet doen nie. Hulle haat die tug, die onderwysing van die Here, en werp God se woorde agter hulle. Hulle sal self bepaal wat hulle doen of nie doen nie. Hulle bewys lippediens aan die Here en sy wet, maar hulle volg in die praktyk tog hul eie hart en sinne.

Die Here noem as voorbeeld die oortreding van die 7de, 8ste en 9de gebod, egbreuk, diefstal en kwaadpraterij en bedrog. Tipiese sondes wat "Christene" ook vandag maklik pleeg. Egbreuk, daarvoor hoef jy regtig nie 'n buite-egtelike verhouding te hê nie. Wat van die dinge wat jy op internet via jou rekenaar of selfoon skryf, doen of bekyk. Diefstal. Jy wil as Christen nie vir ander onderdoen nie in jou jag na rykdom nie, ook al is dit ten koste van ander, hoe netjies en legaal dit ook mag lyk. Kwaadpraterij. Hoe maklik praat ons nie sleg van mekaar en van ander nie, tot hulle skade. God noem dit goddeloosheid. Jy laat jou nie

deur God lei nie. Jou godsdiens bepaal blykbaar nie jou daaglikse lewe nie. God beheers nie jou gedrag nie. In die praktyk van jou daaglikse lewe hou jy feitelik geen rekening met God nie. Jy leef soos 'n ateïs ook al bely jy met die mond dat God bestaan, en noem jy jouself 'n Christen.

Geliefdes, hoe kan so 'n houding in die erediens en in die daaglikse lewe voorkom, selfs by mense wat God se naam bely? Dit gebeur wanneer 'n mens nie beseft wie en wat God is nie, wanneer jy God nie werklik ken nie. Vir 'n regte houding teenoor God moet jy beseft wie Hy is. Ja met wie het ons te make in die eredienste en in die daaglikse lewe? Ken ons God nog wel in sy grootheid, majesteit, heiligheid, geregtigheid en genade? Let daarop hoe nadruklik God in Psalm 50 aandag vir homself vra, veral in die verse 1-7. Die God van die gode, die HERE spreek. Ek is God jou God. Wanneer jy weer onder die indruk van God is en wat Hy gedoen het, verander jou houding. Dan beseft jy ook jou eie kleinheid, afhanklikheid en sondigheid en dan aanbid jy Hom weer soos dit pas, nie net in die eredienste nie, maar ook in jou daaglikse lewe. Jy beseft dat jy voortdurend in die teenwoordigheid van sy hoë majesteit lewe.

Ja, gemeente, dis pragtig hoe die Psalm opgebou is. Het dit julle ook opgeval hoe halfpad die Psalm die vonnis onderbreek word deur 'n bemoedigende bevel en belofte in die verse 14,15 en dat die Psalm weer met 'n belofte eindig. Daarmee kry die regsgeeding wel 'n unieke karakter.

Hier is geen regter wat die vonnis uitspreek en dan iemand tronk toe stuur nie. Hier het ons 'n Regter wat tegelyk sê: so en so kan dit ook en dan gaan jy vryuit. Meer nog, dan hoef jy nie net jou tronkstraf nie uit te sit nie, maar dan help Ek jou, dan help Ek jou uit alle benoudheid, ja jy mag dan geniet van die heil wat God juis aan sondaars uitdeel.

Luister na die verse 14,15: "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer." Offer dank aan God. I.v.m. jul misbruik van die offers het Ek wel eerder gesê: los jul offers maar by die huis, ek het hulle nie nodig nie. Maar daarmee sê Ek nie dat Ek die offers, die eredienste en gehoorsaamheid geringskat nie. Ek verlang na julle offers, erediens en gehoorsaamheid. Alleen dit kom daarop aan hoe julle dit doen. Dat julle My daarin loof en dank. Dat julle My roemryke dade tot julle verlossing erken. Dat julle vanuit die verlossing my roem en eer. Moenie dit doen om my 'n guns te bewys en my tevrede te stel nie, of om jou eie gewete te sus nie. Ek haat sulke offers. Doen dit uit dank vir die feit

dat Ek reeds my guns aan julle bewys het. Julle kan baie aandag, tyd, en geld vir my gee. Julle kan die hele wêreld aan my gee. Maar as julle daarin nie julle harte aan my gee nie, is dit waardeloos. Daarom: gee my julle hart. Gee jouself as 'n lewende dankoffer. In jou erediens en gawes wil Ek sien dat jou hart na my uitgaan.

Gemeente, hierdie hemelse Regter van Psalm 50 is nog wonderliker. Teenoor die aangeklaagde en veroordeelde sondaar sê Hy: Ek stel dit op prys dat jy by my aanklop om hulp. As jy dit doen, help Ek jou uit (vers 15). Maar as jy dit nie doen nie, as jy tog jou eie dinge wil doen en jou nie steur aan my heilsame woorde nie, dan gebeur die teendeel. Dan verskeur Ek jou (vers 22) en dan kan niemand jou red nie. Hoe verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God.

Broeders en susters, sien julle hoe hierdie Psalm vol evangelie is? Ja, die Psalm is vol ernstige woorde. God het 'n ernstige aanklag teen sy volk. Die Psalm is vol van God se straffende geregtigheid. Maar nie minder vol van sy verlossende geregtigheid nie. As jy met al die vertrouwe op jou eie goedheid, met die sonde van hoogmoed breek en jy jou in ware ootmoed en dank tot God wend, dan help God jou uit. Hy doen dit so volkome dat jou hart en lewe Hom weer gaan vereer, pleks van beledig.

Dit is die blye boodskap van die verlossende geregtigheid, die geregtigheid van God in Christus. Laat die hemele ook juis daardie geregtigheid verkondig (vers 6). Want God is Regter wat na sy reg sondaars veroordeel en in Christus sondaars vryspreek. Nee, ons probeer nie net 'n positiewe noot te vind in 'n Psalm wat anders net veroordelend is nie. Die Psalm self vind tot twee maal toe in hierdie beloftes sy hoogtepunt, in die verse 14, 15 en vers 23. Vers 23 rond die Psalm pragtig af met die belofte: "Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet."

Daarmee speel God in op die twee ernstige aanklagte in die Psalm: die sondes mbt die erediens en die sondes teenoor God se sedewet. Offer dank aan God. Laat jou erediens, jou gawes aan die Here werklik 'n dankoffer wees, wat jy vanuit die hart aan die Here gee uit dank vir die verlossing wat Hy reeds bewerk het. Dien God soos Hy dit graag wil sien en nie op 'n berekende en eiewillige manier om self iets daaruit te kry nie. En gee ag op jou weg, op jou lewenswandel, op jou doen en late. Ja, gee ag op God se heilsame woorde. Hou in alles rekening met jou God en onderwerp jou aan Hom. Sodat jy nie, terwyl jy dink dat jy wys is, dwaas word nie.

Geliefde, God het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe. Daarom, beproef jouself en bekeer jou van elke selfbedrog. Dan sal God jou sy heil laat sien. Soos Hy dit in die laaste woorde van die teks sê: Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.

Amen.